

**VANUIT DIE PRAGTIGE 'SARIE – MARAIS'- LAND**

door Hans Somsen [430]

Op ons verzoek schryf Hans Somsen [430], gebore in Wolvega in 1967, over zijn leven en werken in Zuid-Afrika. Wij laten hem graag aan het woord in de Zuidafrikaanse taal, die nu zijn omgangstaal is. Wij vertrouwen er op dat onze lezers met die aan het Nederlands verwante taal niet al te veel moeite zullen hebben. Hardop lezen maakt het vaak makkelijker de overeenkomsten met het Nederlands te ontdekken. Als het ware te hóren.

Hieronder Hans Somsen aan het woord, die 'de zon achterna' ging.

**Ek wil nie iemand jaloers maak nie!**

Met so baie Somsen's in die buiteland besluit ons dan ook om die stap te waag 'in die vreemde'. Nou ja, heeltemaal vreemd was dit nie, aangesien my vrou 'n Suid-Afrikaner is en die land wonderlik mooi en die klimaat....., nou ja, ek wil nie iemand jaloers maak nie!

So agt jaar terug, reeds twee weke woonagtig in Almere, ontmoet ek my vrou, Riana Brummer [3621], toe werksaam as au-pair vir 'n Nederlandse familie, in 'n kroeg. Sy in afwagting vir haar vriendinne en ek in 'n postiewe bui, aangesien Nederland sy internasionale voetbal wedstryd suksesvol afgesluit het!

Die volgende aand gaan eet ons in Amsterdam. Vier maande later my eerste vakansie in Suid-Afrika.

'n Somsen laat mos nie gras onder sy voete groei oor sake wat hom na aan die hart sit nie. Na meerdere vakansies oor en weer vra ek 'n paar jaar later aan haar vader om sy dogter te trou. Tog nie heeltemal onbelangrik om hier die tradisie van "ouers vra" voort te sit nie, in die laatste plek, om rede hy nogal fris gebou is en sy wapen versameling groot is.

Die antwoord was daarom positief en na ons lekker 'plaas-trou' hier in Suid-Afrika, terug na Nederland waar Riana gaan studeer het op die Hoge School te Diemen en ek my werk hervat het vir Dunlop te Amsterdam.

Die verlange na Suid-Afrika het egter bly knaag, en tydens 'n goeie hollandse reënbui besluit ons toe om 'n container met ons huisraad te laai en son agterna én met 'n leë beurs gaan ons toe 'n opwindende en onsekere toekoms tegemoet.

Ons vind blyplek in 'n klein huisie in Rustenburg, so vyftig kilometer van Sun City. Om geld te maak besluit ons om *achaar* te gaan verpak en te verkoop aan winkels rondom Pretoria en Johannesburg. Nee, .... ek verstaan, nie almal sal dadlik weet wat *achaar* is.

Kom, laat ek dit vinnig uitleë, sodat daar darm nog ook ietsgeleer kan word! Riana's ouers het 'n 'plaas' dis nou 'n groot farm en hulle groei mango's. Nou, as jy hierdie mango's opkap en dit bietjie laat staan en sout, chilli en ander speserye byvoeg, dan het jy *achaar*. (*Achaar is mango-chutney, een lekker bijgerecht bij vlees, paté, bami. Red.*)


Was eintlik nie 'n moeilike verhaal nie, nê? Wat wel moeilik kan wees, is as voedsel bederf, veral as dit groot voorrade is ...dit gebeur toe ons!

**Met 'n illusie armer** en 'n ervaring ryker gee ons pad na Pretoria, 'n stad waar hoofsaaklik Afrikaans gepraat word en, vir afrikaanse begrippe, ryk aan kultuur. As jy nou in geldnood is en geen 'sosiale vangnet' het om eens lekker onderuit te sak, stap ons die wêreld in van 'wasgoed-mandjies'.

Riana naai die stoflap aan elkaar en ek maak in die nag die hout struktuurtjie, waarvolgens ons dit langs die weg verkoop.

Glo my, 'n wasgoed mandjie kan skepe nie vlot trek nie, so ons besluit om toe om tropiese plante aan te koop en te verkoop, want Riana's moeder die kweek ook tropiese plante op hulle plaas, amper aan die grens met Zimbabwe.

Die straat verkoop dis wat hulle hier 'smouse' noem: stal-letjies soos wat jy het op Koninginnedag, waar almal iets verkoop op straat, maar dan op 'n 24 uur basis, met sekuriteit in die nag en polisie wat jou lastig val en om hulle rustig te hou ook 'n bietjie geld kry.



I.-r.: Hans, Duarte en Riana Somsen - Brummer

Dit het steeds beter gegaan met meer en groter vragmotors wat gaan aflewer het en toe besluit om 'n kwekery te gaan opset in Johannesburg, dus weer alles inpak en verhuis na die 'goud-stad'. Baie lekkerder as om langs die paaie te gaan sit, waar jy ook oorgelewer is aan hael, wind en reën, en die grootste gevaar van Suid-Afrika: kriminaliteit.

Dis nou 'n hoofstuk opsigself en ek voel nie lus om polities baie uit te wy oor dit, behalwe dat ons al deur geloop het, met onder andere gewapende oorvalle en 'n huis wat lyk op die Bylmer-bajes, tralies, honde en sensors. Geweld loop uit die hand hier, ek volstaan om te sê; dis op sommige momente wel eens 'n bietjie senu-tergend en 'n jammerte vir so 'n mooie land en dat sake soos in ons buurland Zimbabwe asseblief mag uitblywe, want dis 'n groot sorg!

**Nou ja, toe gebeur so agtien maande terug** die mooiste uit ons lewe, die geboorte van Duarte [4669], pragtig outjie, Somsen kennetjie en pret blou oë.

Dis nou wonderlik om te ervaar, pa word is daarom die lekkerste titel wat mens kan kry! Saam bad in die oggende en as ek in die aand by die huis kom, staan meneer klaar by die hek om die laaste meters saam te ry as 'n ware Jos Verstappe.

En dan nog 'n groot gebeure, opwagting van ons tweede kind rond half april. Volgens Riana is sy klaar daarvoor, aangesien dit nogal warm is, wens sy natuurlik dat dit al sover is maar ook sy moet nog so ses weke geduld uit oefen. Ons bid dat alles goed sal verloop vir ma en kind, en dat Duarte sy boetie of sussie sal kry om die bal terug te skop en saam die honde te pla. Ons sal Somsen Horizon op die hoogte stel van die nuutste Somsen!

Ek weet, die wat my ken sal sê, ek praat te veel, maar die rede van hierdie relaas lê eintlik by Gree, eindredakteur van Somsen Horizon, haar versoekie om iets te skryf oor ons lewe hier! En dan gelyk ook die komplimente aan almal van Horizon, wat 'ons' pragtig Somsen blad geskep het. Uiteraars professioneel gedoen en menig vriend hier kyk met 'n steelse blik na die familie blad op die kombuis tafel!

Ons woon dus sinds 'n jaar, enkele kilometer noord van Johannesburg, op 'n 'plot'. Dis hoe dit hier genoem word as jy in die landlike gebiede woon, met 'n lekker groot tuin van seker 'n hektaar en 'n mooi huisie. Nie in die laaste plek lekker vir die honde, drie Duitse-herdershonde en 'n bull-mastiff. Hulle hardloop die plot op en af en gee daarom ook bietjie veiligheid. Die huis het 'n pragtig ruim uitsig en veral asemrowend is dit, as dit onweer en weerlig deur die lug flits.

Swembad is 'n standaard uitrusting vir die meeste huise hier en ons geniet dit baie na 'n warme dag se werk.

**Die kwekery, tuin-sentrum, verg baie van ons tyd** en die afgelope jaar het ons sewe dae per week gewerk om dit te kry waar hy nou is. Vandaag het ons 'n nuwe gedeelte in gebruik geneem, kompleet met 'n groot bamboe brug en water-party daaronder, om die tropiese plante soos bamboe en cocos palms mooier te presenteer. Gister tot midde in die nag gewerk om 'n trok af te laai en alles reg te skuif om vandag, saterdag, en morê optimaal te genereer.

Ons werk met 'n span van agt vaste medewerkers en ekstra casuals in die naweek en wanneer ons landscaping doen by ons klante. Elke dag leer ons weer meer om beter en mooier tuine te maak, kompleet met fonteine, water besproeiing, teëls en mooi klippe om paadjies te maak en gebruik te maak van die verskillende plante. Die verskeidenheid plante is enorm en maak dit 'n baie interessant en uitdagende werk.

Asof ons baie tyd oor het, begin ek met 'n vriend en ook 'n groeier van plante, nog 'n ander kwekery, maar nou meer op 'n discount-styl, lae service graad en lae pryse en ongeveer 10.000 m<sup>2</sup> groot. Dis twee kilometer van ons bestaande besigheid en gaan nog baie harde werk verg, voor ons dit gaan open.

Dan broekriem aanhaal vir die wintermaande Mei, Junie en Julie want dis nie die beste tyd vir 'n kwekery nie. Dan verkoop ons vuurmaakhout vir die kaggels en produkte vir in die huis soos binnehuise plante en potte.

**In Suid-Afrika** het 'n mens daarom minimale papiere nodig om 'n besigheid te begin en reëls is baie onduidelik en korrupsie nogal fors, en dan leer dat jy nie iets moet aanvra met betrekking tot bou, belasting ets., maar gewoon moet doen!

Dis nogal 'n groot omslag vir my gewees, waar in Nederland alles volgens die reëls gaan.

Egter nooit spyt gehad, om my, nou vier jaar gelede, in SA te vestig, behalwe dan die gemis van 'n lekker →



*Duarte in het swembad*

seiltoggie oor die Friese mere en my voetbal 'kluppie' SC-Heerenveen. Maar ook hulle kan ons sinds twee weke op tv volg: Studio Sport, Nova en 't Klokhuis en vele ander programme, via die nuwe Nederlandse sender op sateliet.

Genoeg gesels lyk dit vir my. Almal het nou weer hulle afrikaanse taal op peil en 'n groet aan almal!

Baie liefde vanuit die pragtige 'Sarie-Marais'-land,

gegroet,



*Tuincentrum met bamboebrug*

Hans, Riana en Duarte Somsen  
hanssomsen@hotmail.com

**Nagekomen bericht:**

*Op 11 april 2002 is geboren **Emil Somsen** [4937] zoon van Hans [430] en Riana Somsen [3621].*



**CAMPING WEEKEINDE IN IJZERLO VAN 23 - 25 AUGUSTUS 2002**

*door Wim Somsen [518]*

Even was het nog wat onduidelijk of er dit jaar een camping weekeinde zou plaats vinden, i.v.m. de reünie in Amerika. Toch besloten we ook dit jaar, zelfs voor de zesde keer, een camping weekeinde te organiseren. Over het programma valt deze keer nog weinig te vertellen, deze keer moet men zich maar laten verrassen. In ieder geval krijgen de aanwezige Amerika-reüniegangers royaal tijd en aandacht voor hun belevenissen.

Wilt u tegen de vakantie toch wat meer informatie mail of bel met **Wim Somsen**, wel graag voor 6 augustus, want daarna ben ik zelf op vakantie.

Niet kampeeders zijn in IJzerlo altijd welkom voor een bezoek en kunnen prima meedoen met de activiteiten. Wilt u zich voor 6 augustus aanmelden op onderstaand adres, zodat we ongeveer weten hoeveel bezoekers we kunnen verwachten?

Wim Somsen [518], Hoge Heurnseweg 8, 7095 CJ De Heurne  
**telefoon:** 0315 – 652115. **e-mail:** somsen@uwnet.nl